**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 03 MEI 2023 OM 08:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. JWA Kotzee | : | Munisipale Bestuurder *(waarnemend)* |
| Mnr. D Louw | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. N Bothma | : | Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaalbestuur |
| Mnr. J Erasmus | : | Senior Superintendent: Elektries (Porterville) |
| Mnr. J Pedro | : | Superintendent: Verkeersdienste (Velddrif) |
| Mnr. H Benson | : | Assistent Superintendent: Wetstoepassing |
| Mnr. J Strümpher | : | Hoof: Siviele Dienste (Piketberg) |
| Mnr. W Burger | : | Tegnikus: Siviele Dienste |
| Mev. RC Gerber | : | Klerk: Komitees |
| | : | |

***

**AKSIE**

**BKN001/05/2023**
**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna 'n oomblik van stilte gehandhaaf word.

Die Voorsitter bedank die amptenare van Porterville en Velddrif vir hul teenwoordigheid, asook die Korporatiewe Dienste Komittee vir die verskuiwing van hul vergadering na 11:00 om die Spesiale Burgemeesterskomitee vergadering te akkommodeer.

***

**BKN002/05/2023**
**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**
**3/3/1/4**

Munisipale Bestuurder - afwesig met verskoning
Bestuurder: Strategiese Dienste - siekverlof
Interne Ouditeur - siekverlof

***

**BKN003/05/2023**
**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN004/05/2023**
**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING</u>**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN005/05/2023**
**<u>IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING</u>**

Geen

***

**BKN006/05/2023**
**<u>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</u>**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/05/2023**
**<u>KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT</u>**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN008/05/2023**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Geen

***

**BKN009/05/2023**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/05/2023**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/05/2023**
**DRINGENDE SAKE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

Geen

***

**AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE EN AANBEVELING AAN DIE RAAD**

Geen

***

**BKN012/05/2023**
**VEILIGHEID**

Die Voorsitter lei die item breedvoerig in en meld die doel van die gesprek, met spesifieke verwysing na verliese en skade wat gelei word as gevolg van diefstal en inbrake, die probleemareas en tekortkominge.

Voorts spreek die Voorsitter sy kommer uit dat daar nie ‘n eenvormige stelsel in plek is nie, dat planne nie uitgevoer word nie, dat Raadslede nie in kennis gestel word van vandalisme en diefstal nie, dat ordentlike beplanning nêrens bespreek word nie en dat Direksie nie operasionele kwessies bespreek nie.

Raadsheer de Vries spreek sy kommer uit dat daar nie ‘n gekonsentreerde fokus is om die situasie te hanteer nie en meld dat kommunikasie tussen die Raad en Direksie deel is van die probleem.

Die Speaker spreek sy misnoeë uit dat daar lankal voorstelle op die tafel was maar daar was nie moeite gedoen nie. Die Raad en die Direksie is saam verantwoordelik en dat veiligheid nommer 7 is op die Risiko Register.

Raadsheer Wessels gee breedvoerig inligting met betrekking tot leemtes met spesifieke verwysing na ernstige tekort aan mannekrag binne Wetstoepassing afdeling, skerms en hardeware by die Active Box wat nie voldoende is nie asook kameras en alarms wat afgaan wat nie gekoppel is aan die Active Box nie. Hy gee die beraamde kostes vir die opgradering van die Active Box.

Die Direkteur Korporatiewe Dienste meld dat die monitoring van die implementering van die veiligheidsplan moet gebeur en dat Direksie moet beheer neem oor risiko's en dit absorbeer in 'n plan. Hy versoek dat veiligheid 'n staande item op die agenda van die Gemeenskapsdienste staande komitee asook Direksie moet wees ten einde die koördinering van die funksies en rapportering van vordering te fasiliteer.

Raadslid Daniels meld dat 'n bepaling van die kwesbaarste bates gedoen moet word en die kwesbaarste bates beveilig word. Hy spreek sy kommer uit oor kameras wat nie by die kwesbaarste areas geplaas is nie. Hy maak 'n aanbeveling dat 'n gesamentlike gesprek gehou word met SAPD oor die breë Bergrivier area en dat dorpe nie uitgesonder moet word nie.

Die Direkteur Finansiële Dienste meld dat 'n beloningstelsel in plek is maar dat dit beter bemark moet word want die breë publiek is nie bewus van die inisiatief nie. Hy meld verder dat versekeringspremies verhoog het met 39% en dat die sentralisering van veiligheid na Gemeenskapsdienste toe skuif vanaf 01 Julie 2023. Hy spreek sy kommer uit dat die diesel tenke nie beveilig word nie.

Die Senior Superintendent: Elektries gee kortliks inligting oor die alarmstelsels wat nie gekoppel is aan gewapende reaksie nie en uitroepskostes. Monitering is gefragmenteer en nog nie gesentraliseer nie. 'n Aantal kameras is reeds gekoppel na die Active Box maar dat ander nie gekoppel is nie as gevolg van tekort aan nodige infrastruktuur.

Die Direkteur Tegniese Dienste meld dat ligte met ingeboude "inverters" bestel is en dat verdere "inverters" aangekoop gaan word wat die ligte aanhou in kritiese plekke tydens beurtkrag.

Uiteenlopende insette en kommentaar word gelewer deur die Komitee spesifiek met verwysing na die bestelling van LED en "hybrid" straatligte en sproeiligte vir die sportgronde asook redes hoekom solar of ander alternatiewe ligte nie aangekoop word nie en die beplanning vorentoe.

Die Speaker maak 'n aanbeveling dat mannekrag binne Wetstoepassing dringend op Direksie vlak bespreek word en dat Direksie en amptenare bepaal waar die "hotspots" is.

**BESLUIT**

1. Dat veiligheid 'n staande item op die agenda van die Gemeenskapsdienste staande komitee asook Direksie moet wees ten einde die koördinering van die funksies en rapportering van vordering te fasiliteer;
2. Dat veiligheid as geheel na Direksie verwys word;
3. Dat Direksie die nodige bepalings doen van "hotspots" by fasiliteite en geboue;
4. Dat Direksie terugvoering voorsien ten opsigte van die maatreëls by elke "hotspot";
5. Dat kundiges (nie konsultante nie) betrek word by die bepalings en beplanning, bv. SALGA, Provinsiale department van veiligheid, Weskus Distriksmunisipaliteit en ander munisipaliteite;
6. Dat die Raadslede in kennis gestel word van inbrake, vandalisme ensovoorts;

7. Dat ‘n volledige sekuriteitsplan die beveiliging van bates en eiendomme aanspreek;
8. Dat daar gekyk word na die huidige stelsels in plek, wat werk en wat nie werk nie; en
9. Dat die Direkteur Finansiële Dienste kyk binne die kapitaal- en bedryfsbegroting hoeveel besparings beskikbaar is ten einde sekere kwessies solank aan te spreek.

*******

**BKN013/05/2023**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

*******

**BKN014/05/2023**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

*******

**BKN015/05/2023**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD**
**9/1/2**

Geen

*******

**BKN016/05/2023**
**IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

*******

**BKN017/05/2023**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

*******

**BKN018/05/2023**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

*******

***(Die Voorsitter bedank die Raadslede en amptenare wat die vergadering bygewoon het en vir Raadslid Moolman vir die aanpassing van sy komiteevergadering se tyd)***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 10:13*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE
NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***